## Salomon Pienaar

**From:** Marthinus Mare [Marthinus@Angloplat.com]
**Sent:** 17 June 2009 12:02
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** RE: Respons/beswaar in respons Ope Dag 27 Mei 2009 (Thabazimbi)

Dankie vir bevestiging.

Ek is verlede naweek genader deur 'n Johanna Phiri in sake grafe van haar familie te Mooivallei (ged 7). Ek was bewus van die grafte maar geen kontak van enige iemand daaromtrent vir die afgelope drie jaar gehad nie. Ek het aanvanklik gedink die grafte sou onder die balanseerdam (rivier se kant) lê en nie direk betrokke wees nie maar mag dalk 'n kwessie word. Sal jy asb. die tersaaklike persoon net hierop bedag maak asb.

Groete

Marthinus Mare'

---

**From:** Salomon Pienaar [mailto:SalomonP@nemai.co.za]
**Sent:** 16 June 2009 01:07 PM
**To:** Marthinus Mare
**Subject:** RE: Respons/beswaar in respons Ope Dag 27 Mei 2009 (Thabazimbi)

Beste Dr. Mare'

Hiermee gee ek erkenning van ontvangs van u skrywe, en dankie daarvoor. Ons sal u terugvoering inwerk in ons verslag wat ingedien gaan word vir die projek.

Ons sal u ook in kennis stel wanneer en waar die verslag beskikbaar sal wees vir publieke kommentaar. Ons poog ook om iewers volgende week 'n vergadering te hou met al die Vlieëpoort grondeienaars rakende die projek. Die doel van hierdie vergadering is om die geleentheid te bied vir die engenieurs span wat die finale ontwerpe gaan doen om direkte insette van die grondeienaars te kan verkry sowel as om die nuutste verwikkelinge rakende die voorlopige ontwerpe deur te gee. Tydens die vergadering sal daar ook inligting deurgegee word rakende die opmetings en verdere geotegniese werke wat beplan word in die nabye toekoms.

Ek sal u kontak sodra die presiese datum/ tyd gefinaliseer is. Op die stadium kyk ons na Dinsdag, 23 Junie die oggend maar die beskikbaarheid van die relevante ingenieurs en grondeienaars moet nog bevestig word.

Groete
Salomon Pienaar

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

---

**From:** Marthinus Mare [mailto:Marthinus@Angloplat.com]
**Sent:** 16 June 2009 12:47
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Respons/beswaar in respons Ope Dag 27 Mei 2009 (Thabazimbi)

Beste Salomon

Ek het reeds die Respons vorm ingehandig en as geaffekteerde party geregistreer.

Met die sluitings datum vir respons op 19 Mei ’09 heg ek net ‘n verdere skrywe om my persoonlike posisie toe te lig. – Sien asb. aanhangsel

Groete

Marthinus Mare’

***Dr. M.C. Maré***
General Practitioner
Platinum Health
Thabazimbi
Marthinus@Angloplat.com
Tel. 014-771256
Fax. 014-771258